NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Diens

OPENING: 6 OKTOBER 2022

Ds LH Miller open die vergadering deur die saamsing uit Psalm 33: 1 en 7, Skriflesing uit Handelinge 27, 'n kort oordenking en voorbidding.

Orrelis:

Mnr Pieter van den Berg.

---oOo---

1.8 **TUGKOMITEE**

1.8.1 VERKIESING VAN DIE TUGKOMITEE

Ordinansie 4.4.4 (xii)(e) verwys:

Die Algemene Kerkvergadering

(x) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(e) sewe persone vir die Tugkomitee bestaande uit drie predikante, twee ouderlinge en twee regsgeleerdes uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering. Indien enige van hierdie persone nie langer op die Tugkomitee kan dien nie, benoem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n plaasvervanger

Die volgende persone word op die Tugkomitee verkies:

Regsgeleerdes:

* **Adv FH Geyser**
* **Adv H Kriel.**

Predikante:

* **Ds HJ Celliers**
* **Ds EG Fourie**
* **Dr JH van Staden.**

Ouderlinge:

* **Oudl GJ Rossouw**
* **Oudl H Willemse.**

1.8.1.1 **Verkiesing van lede van die Kuratorium**

Ordinansie 4.4.4 (xii)(a) verwys:

Die Algemene Kerkvergadering

(xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(a) sewe persone, van wie minstens vyf predikante is, om te dien op die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding.

Die volgende persone word op die Kuratorium verkies:

* **Dr H Delport**
* **Ds CEC Hertzog**
* **Ds WJJ Kok**
* **Ds JT Manders**
* **Dr C Pretorius**
* **Dr JM van Staden**
* **Dr DJC van Wyk (jr).**

---oOo---

VERKIESING VAN DIE SEKUNDUS OUDERLINGSLEDE VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die sekundusouderlingslede van die Kommissie van die AKV.

Oudle H Kriel, PFS Mulder, DJ Pretorius, GPN Pretorius, SJ Pretorius, AJ Rossouw, JH Strydom, FP van Hamersveld en AJ Viljoen word verkies.

---oOo---

BESKRYWINGSPUNT 42: RING VAN KLERKSDORP

VOLHOUBARE KERKWEES

Die NHKA volg nie nougeset die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip nie. Daarom is daar sinodale heffings (sentralisasie) om die AKV en haar kommissies, komitees en sinodale kerkkantoor te onderhou. Die gemeentes vind dit moeilik om die praktyk te bekostig. Met die COVID-pandemie het dit 'n groter krisis geword. Die Ring van Klerksdorp vra dat die saak ondersoek word as 'n bydrae tot volhoubare kerkwees van die NHKA.

Motivering:

Agtergrond

In die lewe van enige organisasie, besigheid of navorsing, is daar twee begrippe wat wesenlik dieselfde of baie naby dieselfde moet wees, vir 'n suksesvolle bedryf.

Die teorie van die NHKA

In die NHKA is dit ook nie anders nie: Die Kerk het ook 'n teorie, naamlik die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.

Sonder om indringend die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip hier te herhaal (Van Wyk 1991 handel breedvoerig hieroor) word in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip die volgende beginsels uitgewys:

* Dat Christus sy kerk alleen regeer onmiddellik deur Woord en Gees:

  ** Woordverkondiging deur 'n opgeleide predikant in die Bybels-reformatoriese teologie.

* Dat Christus middellik deur die ampte ouderlinge en diakens regeer wat in 'n vergadering, die kerkraad, byeenkom, waar die evangelie verkondig word en waar opsig, toesig en tug plaasvind.

Hierdie beginsels maak dit duidelik

* dat die Kerk daar is waar die Woord verkondig word – in die gemeente; en

* dat die kerkraad die primaat vergadering is in die vertikale lyn regeerstruktuur.

* Christus – Woord en Gees – kerkraad.

Die skepping van die klassis (ringsvergadering) en die sinode het later ontstaan as bykomende vergaderings:

* Toe die landelike kerke georganiseer moes word, word in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip vier verskillende vergaderings onderskei, naamlik

  ** die kerkraadsvergadering wat die primêre vergadering van die ampte is.
  ** die klassis (ringsvergadering) wat in hoofsaak 'n opsigvergadering is ten opsigte van 'n bepaalde aantal kerkraadsvergaderings in sy gebied.
  ** Die partikuliere sinode (streek/provinsiaal) wat geskep is, en
  ** die nasionale sinode.

* In die NHKA het die partikuliere sinode (streek/provinsiaal) nooit van die grond af gekom nie.

* Belangrik: In die presbiteraal-sinodale kerkbegrip het die partikuliere en nasionale sinode nèt oor omlynde sake gehandel.

* Die ampte gee dus aan hierdie vergaderings status en nie die vergadering van die ampte nie. Die vergadering as sodanig neem ook nie besluite nie, maar die ampsdraers-in-vergadering byeen, besluit hoe hulle, hulle taak die beste sal uitvoer (Van Wyk 1991: 76).

Hierdie is die **teorie** van die presbiteraal-sinodale kerkbegrip wat die NHKA in navolging van die Hervormde tradisie wens na te volg.

Die praktyk van die NHKA

In die **praktyk** van die NHKA se kerkregtelike funksionering het die NHKA 'n eiesoortige presbiteraal-sinodale kerkbegrip histories ontwikkel waar die algemene kerk(raads)vergadering met haar uitgebreide sinodale struktuur, histories algaande die plek van die kerkraad ingeneem het.

* **'n Bipolêre spanning tussen teorie en praktyk** het dus as gevolg hiervan in die NHKA ontwikkel. Kerkrade in die algemeen is gemarginaliseer en het in opstand gekom teen die steeds verhogende heffings wat betaal moet word om hierdie eiesoortige kerkbegrip te bekostig, waar die algemene kerk(raads)vergadering in die plek van die kerkraadsvergadering wil regeer.

Hoe het hierdie praktyk ontwikkel?

* Histories het die vadere aanvanklik by Rustenburg 'n algemene kerkraadsvergadering byeengeroep om sinodaal besluite te neem oor hoe die landelike kerke georganiseer moet word; en is die sinodale vergadering in die NHKA, daarna die *Algemene Kerkvergadering* genoem. As Hervormers is ons trots op hierdie benaming vir die NHKA se sinode-vergadering.

* Mettertyd het hierdie algemene kerk(raads)vergadering wat deur afgevaardigdes van al die gemeentes, wat aanvanklik uit meer ouderlinge as predikante gevorm is (nou nie meer die geval nie) die plek ingeneem van die primêre vergadering, naamlik die kerkraadsvergadering.

* Vir 'n lang tyd was die kerkraadsvergadering se agenda dieselfde as die AKV se agenda. Kerkraadsvergaderings is mettertyd so gemarginaliseer dat die kerkraad nie meer as die primêre vergadering gefunksioneer het nie en moes feitlik elke besluit eers met die sekretaris van die AKV uitgeklaar word.

* Die sekretaris het (onbewustelik) later soos 'n hoof uitvoerende beampte gefunksioneer. Volgens Van Wyk 1991: 79 moet die uitgangspunt in gedagte gehou word dat die bykomende vergaderings nie oormatige gesag in bestuurlike gedaante mag inneem nie.

* Mettertyd het die AKV hierdie regeertaak aan die Kommissie van die AKV gedelegeer. Die Kommissie het derhalwe in 'n groot mate in die plek van die primêre vergadering, naamlik die kerkraadsvergadering, ingeskuif met 'n uitgebreide klomp rade om te help met die regeertaak.

* Namate hierdie regeertaak vir die Kommissie van die AKV te veel geword het oor die jare; het die Kommissie 'n Moderamenvergadering in die lewe geroep om met die regeertaak te help. In die jongste tyd het die Kommissie van die AKV besef die regeertaak het ook vir die Moderamen te groot geword,

* en is daar nou 'n SGB in die lewe geroep met 'n sekretaris wat soos 'n hoof uitvoerende beampte met 'n aantal komitees en streekbestuurders moet help om die regeertaak (bestuur) van die Kerk te behartig.

* Ten spyte van al hierdie pogings het dit nie waarde toegevoeg nie. Die NHKA verloor steeds lidmate, het 'n kerkskeuring ervaar, en in die algemeen gaan dit nie goed met baie gemeentes in die NHKA nie. Baie gemeentes maak vanweë 'n finansiële werklikheid gebruik van deeltydse predikante of van deeltydse emeriti.

* Ook die agenda van die sinodale vergadering (AKV) funksioneer soos 'n kerkraadsvergadering, en daarom is daar so 'n uitgebreide sakelys wat eintlik nie by 'n sinodale vergadering se sakelys hoort nie. Volgens Van Wyk 1991: 82 is die arbeidsveld van die nasionale sinode die vasstelling en die handhawing van die belydenis, die handhawing van die dissipline, die vasstelling van die kerklike orde, die inrigting van die openbare erediens en die tref van maatreëls wat die algemene welstand van die Kerk bevorder. En, sou mens seker kan byvoeg, die opleiding van predikante.

* Die krisis is: In hierdie korporatiewe bestuurstruktuur wat die NHKA nou volg het die gemeentes (seker onbewustelik) in die denke van die NHKA, takke geword met 'n predikant en kerkraad wat as 'n takbestuur funksioneer, onder toesig en hulp van streekbestuurders en sinodaal 'n SGB en 'n sekretaris wat soos 'n hoof uitvoerende beampte funksioneer.

Wat is die gevolg?

* Gemeentes moet vir hierdie uitgebreide bestuurstruktuur heffings betaal.

* Die meeste gemeentes moet spesiale fondsinsamelings inisieer om hierdie heffings van die Sinodale Dienssentrum te betaal.

* Vanjaar met die COVID-19 pandemie toe alle fondsinsamelings gekanselleer is, is die geweldige bipolêre spanning tussen teorie en praktyk in die NHKA op die spits gedryf. Die gemeentes het besef hulle kan nie die sinodale heffings en die bediening van die Woord bekostig nie.

* Die Kerk is daar waar die evangelie verkondig word. Waar barmhartigheid moet plaasvind, waar missionaat moet plaasvind en die middele gevind word om dit te bekostig. Dit is die primêre taak van die Kerk. Die Kerk kan nie in kantore in Pretoria wees waar al hierdie take gesentraliseerd georganiseer word nie.

* Die ontnugtering vir die kerkrade was dat die sinodale struktuur nie die gemeentes se heffings kon verminder of afskryf nie.

* Inteendeel, rente word gehef op agterstallige heffings. Kerkrade wag dat die sinodale struktuur aankondig dat die sinodale struktuur verklein gaan word. In plaas daarvan word kerkrade en predikante aangepraat om meer innoverend te wees met sinergie, sodat die heffings betaal kan word en reserwes opgebou kan word.

Gevolgtrekking

Die NHKA sal indringend moet kyk na teorie en praktyk van die presbiteraal-sinodale kerkbegrip. Die kerkraad as primêre vergadering sal weer in ere herstel moet word, sodat die verkondiging van die evangelie, die barmhartigheid en die missionaat weer die uitsluitlike taak van die NHKA sal wees. Daar sal wegbeweeg moet word van die sentralisasie en die duur Sinodale Dienssentrum met al sy vertakkinge.

Ds PJE Botha van Gemeente Klerksdorp stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt verval.

1.8.2 ADV

Die verslag word aanvaar.

Die volgende beskrywingspunt gestel deur ds GPJ Stoltz en gesekondeer deur ds GS de Beer, word aanvaar:

1. Die 73ste AKV gee instemming met die gebruik van die Kommissie van die ADV ten opsigte van die rampfonds:

*** Bydraes wat vir 'n spesifieke ramp ontvang word, asook bydraes ontvang tydens die nadraai van 'n bepaalde ramp, maar wat nie gespesifiseer is nie, word so ver moontlik vir daardie ramp aangewend.**

*** Indien daar meer bydraes ingevorder is as wat vir 'n betrokke ramp aangewend kan word, word die geld nie verkwis nie, maar in die fonds behou vir bydraes tydens 'n volgende ramp.**

*** Die rente wat op die balans van die rampfonds verdien word, word uitsluitlik vir hulpverlening, volgens die diskresie van die Kommissie van die ADV, aangewend.**

Motivering:

Die Kommissie van die ADV gebruik een rampfonds – daar word nie vir elke ramp 'n nuwe fonds gesit nie. Hierdie werkwyse maak dit vir die ADV moontlik om verantwoordelike rentmeesterskap te aanvaar vir die barmhartigheidsbydraes vanuit die Kerk. Dit het verder tot gevolg dat die ADV hulp kan verleen die oomblik wat 'n ramp plaasvind, en nie eers wag vir bydraes voordat hulp verleen kan word nie.

Ter wille van deursigtigheid word die AKV gevra om instemming met hierdie gebruik te verleen.

BESKRYWINGSPUNT 33: KOMMISSIE VAN DIE ADV

KOMITEE VIR DIAKONALE AANGELEENTHEDE

Volgens Ordinansie 4.6.2 (xxii) is dit 'n werkopdrag van die Kommissie van die AKV om 'n komitee vir diakonale aangeleenthede te stig.

Die 9de ADV rig 'n beskrywingspunt aan die 73ste AKV dat opdrag gegee word aan die nuutverkose Kommissie van die AKV om tydens hulle eerste vergadering volgens gemelde ordinansie genoemde komitee aan te wys.

Hierdie diakonale komitee word saamgestel uit:

*** twee predikante;**
*** twee ouderlinge;**
*** twee diakens; en**
*** kundiges op uitnodiging**

met dien verstande dat AKV- of ADV-Kommissielede nie benoem word nie.

Hierdie komitee se opdrag sal handel oor die eenwording van die AKV en ADV.

Motivering:

Vorige AKV's het ook aan dieselfde uitdaging aandag gegee. Daar was geringe kerkordelike wysigings wat aanvaar was, maar eenwording het nie plaasgevind nie.

Sedert die 72ste AKV het die kerklike landskap drasties verander. Die COVID-pandemie het veroorsaak dat daar anders oor kerkwees gedink word. Hierdie veranderinge noodsaak dat die NHKA al hierdie veranderinge moet oorweeg om binne hierdie nuwe denke en konteks Kerk te wees. Die Kerk het heelwat lidmate verloor sedert die 72ste AKV. Die ekonomiese impak van die pandemie en gepaardgaande vermindering van lidmate, dwing die NHKA as Kerk om aanpassings in die barmhartigheidswerk en gevolglik die strukture waarbinne die werksaamhede geskied, te ondersoek om meer effektief diens te lewer.

Ds GPJ Stoltz, die sekretaris van die Kommissie van die ADV, stel die beskrywingspunt.

Die volgende amendement gestel deur ds WJJ Kok en gesekondeer deur ds GPJ Stoltz, word aanvaar:

1. **Die AKV neem 'n beginselbesluit dat die samestelling van die AKV gewysig word om diakens in te sluit. Die nodige kerkordelike wysigings word aangebring om die integrasie van diakens moontlik te maak. Die nuutverkose Kommissie van die AKV implementeer die besluit met die oog op die 74ste AKV.**

2. **Die Kommissie van die AKV het deurlopend uitvoering gegee aan Ordinansie 4.6.2 (xxii) deur 'n kernkomitee vir diakonaat saam te stel. Die nuutverkose Kommissie van die AKV kry opdrag om 'n sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede te skep met die opdrag om die struktuur van barmhartigheidsdiens op sinodale vlak te ondersoek. Hierdie komitee word saamgestel uit:**

   * **een predikantslid van die Kommissie van die AKV.**
   * **twee ouderlingslede van die Kommissie van die AKV.**
   * **een predikantslid van die Kommissie van die ADV.**
   * **twee diakenslede van die Kommissie van die ADV.**
   * **die sekretaris van die ADV.**
   * **kundiges op uitnodiging.**

3. **Die resultate van vorige ondersoeke na herstrukturering en integrasie en die resultate van die in diepteondersoek na die funksionering van die NWO's betrokke by die NHKA word in die ondersoek verreken.**

4. **Die sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede doen aanbevelings aan die Kommissie van die AKV met die oog op implementering en finale bekragtiging tydens die 74ste AKV.**

BESKRYWINGSPUNT 34: KOMMISSIE VAN DIE ADV

BENAMING: DIENSORGANE VERANDER NA NWO'S BETROKKE BY DIE NHKA

Die benamings *diensorgane*, *diakonale diensorgane* en *organe van bystand* word verander na NWO's betrokke by die NHKA en bestaan uit die volgende:

* **Die NHSV (NWO).**
* **Die Kinderhuise van die NHKA (MSW).**
* **Rata Maatskaplike Dienste (MSW).**
* **Ons Tuis (MSW).**
* **Plesion (MSW).**
* **TOIBO (NWO).**

Die Kerkorde word dienooreenkomstig aangepas.

Motivering:

Die benaming *diensorgane* is afkomstig uit 'n vorige era, en vrae ontstaan oor watter organisasies nou eintlik geklassifiseer sou kon word as diensorgane van die Kerk. Hoewel die organisasies deur die NHKA (of in TOIBO se geval die susterskerke) gestig is, is hierdie organisasies onafhanklike regsentiteite waarvan die meerderheid maatskappye is met eie direksies en besture. Al bogenoemde organisasies is geregistreerde NWO's by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en sommige is ook geregistreer by CIPC en SARS.

Die voorgestelde naamsverandering is eietyds, en die beskrywingspunt laat geen onduidelikheid oor watter NWO's en regsentiteite by die NHKA betrokke is nie. Die wederkerige band tussen die NHKA en die NWO's word ook daardeur erken.

Ds GPJ Stoltz, die sekretaris van die Kommissie van die ADV, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE ADV

REGLEMENT: NWO'S EN REGSENTITEITE WAT BY DIE NHKA BETROKKE IS

1. **Die NWO's en regsentiteite wat by die NHKA betrokke is, verleen bystand aan die NHKA in uitvoering van ons Christelike roeping tot barmhartigheid deur**

    * **die versorging van sorgafhanklike kinders deur die Kinderhuise van die NHKA (MSW);**

*** die onderrig aan kinders met spesiale onderwysbehoeftes deur TOIBO (NWO);**

*** maatskaplike dienste deur Rata Maatskaplike Dienste (MSW);**

*** die versorging van ouer persone deur Ons Tuis (MSW);**

*** die ontwikkeling van volhoubare befondsing deur Plesion (MSW); en**

*** die versorging van persone in nood deur die NHSV (NWO)**

deur gebruik te maak van

*** eie befondsing;**
*** bydraes vanaf die NHKA;**
*** individuele donateurs en ander skenkings;**
*** fondswerwingsaksies; en**
*** staatsubsidies.**

2. Die bovermelde NWO's en regsentiteite funksioneer as onafhanklike organisasies sonder winsoogmerk kragtens die toepaslike wetgewing.

3. Die Raad van Finansies en die Kommissie van die ADV is deurgaans in gesprek met die onderskeie NWO's en regsentiteite om terugvoer te gee oor werksaamhede van die betrokke organisasies ten dienste van die Kerk.

4. Die NWO's en regsentiteite lewer jaarliks verslag aan die Kerk oor hul werksaamhede via die ringsvergaderings, in die vorm van 'n jaarverslag. Die essensie van elke organisasie en regsentiteit se werksaamhede en behoeftes word vervat in die verslag.

5. Die NWO's en regsentiteite ondersteun mekaar onderling as medewerkers in ons gesamentlike barmhartigheidsroeping. Die voorsitters en besturende direkteure/bestuurders van die verskillende organisasies onderneem om twee maal per jaar byeen te kom om onderlinge ondersteuning te bespreek.

6. Die NWO's en regsentiteite gee op 'n deursigtige en verantwoordbare manier inligting aan die Kerk, ten einde die Kerk, en spesifiek die gemeentes, op hoogte te hou van die werk van die betrokke NWO, en ook om terugvoer te gee oor en dank te betuig vir bydraes wat vanuit die Kerk ontvang is.

7. Die onderskeie direksies/besture onderneem om die volgende inligtingstukke aan die NHKA te voorsien:

7.1 Na elke direksievergadering aan die Kommissie van die ADV, wat inligting hieruit beskikbaar stel aan die Raad van Finansies en die Kommissie van die AKV:

*** Dienslewering deur die entiteit.**

*** Risiko's:**

** **Finansiële risiko's.**
** **Menslike hulpbronne risiko's.**
** **Wetlike risiko's.**
** **Publisiteitsrisiko's.**
** **Sinodale ondersteuning.**

7.2 Jaarliks:

* **Inligtingstuk vir ringsvergaderings.**

* **Voorlegging en samevatting aan die Kommissie van die ADV van die geouditeerde finansiële state.**

7.3 Driejaarliks:

* **Inligtingstuk vir die ADV.**

* **Verslag aan die AKV word deur die ADV opgestel vanuit die inligtingstukke.**

Motivering:

Gedurende die afgelope drie jaar termyn was daar verskeie vrae rakende die verhouding, aanspreeklikheid, risikobestuur en band tussen die NHKA en die onderskeie NWO's. Die voorsitters van die NWO's het byeengekom en die reglement opgestel, wat deur die 9de ADV asook die onderskeie direksies en besture van die NWO's goedgekeur is. Hierdie reglement spel die verhouding tussen die Kerk en die NWO's uit, en word voorgelê aan die 73ste AKV om ook as amptelike reglement die verhouding uit te spel.

Ds GPJ Stoltz, die sekretaris van die Kommissie van die ADV, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

2.9 RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES

2.9.1 VERKIESING VAN DIE RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES

Ordinansie 4.4.4 (xii)(d) verwys:

Die Algemene Kerkvergadering

(x) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(d) vyf persone om op die Raad vir Kerkregtelike Advies te dien waarvan minstens drie predikante is. Hierdie raad het reg tot koöptering.

Die volgende persone word op die Raad vir Kerkregtelike Advies verkies:

*** Oudl JD Fourie**
*** Dr A Janse van Rensburg**
*** Dr RJ Jones**
*** Dr C Pretorius**
*** Dr BJ van Wyk.**

2.9.1 VERKIESING VAN DIE RAAD VAN FINANSIES

Ordinansie 9.2.2.1 (i)(a) verwys:

Die Raad van Finansies word saamgestel uit

(a) vyf lede wat deur die Algemene Kerkvergadering gekies word en gesamentlik oor voldoende finansiële vaardighede en kennis beskik om aan oudit- en risikobestuur, beleggingsbestuur en algemene finansiële bestuur uitvoering te gee. Skriftelike gemotiveerde nominasies moet by die Algemene Kerkvergadering ingehandig word.

Die volgende persone word op die Raad van Finansies verkies:

*** Oudl H Combrink**
*** Ds LH Miller**
*** Oudl G van Wyk**
*** Ds IJ Vogel**
*** Oudl PP Vorster.**

2.10 **NHKA PENSIOENFONDS**

2.10.1 Verkiesing van persone op die Pensioenraad wat die NHKA Pensioenfonds behartig

Ordinansie 444 (xii)(b) verwys:

Die Algemene Kerkvergadering

(xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(b) drie persone en twee sekundi, soos vereis deur die reëls van die NHKA Pensioenfonds, op die Bestuursraad wat die NHKA Pensioenfonds behartig as werkgewersverteenwoordigers.

Die vergadering wys nie nuwe werkgewersverteenwoordigers aan om op die Pensioenraad te dien nie aangesien die NHKA Pensioenfonds besig is met omskakeling na 'n sambreelfonds.

2.11 BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERBAND HOU MET VERSLAE NIE

BESKRYWINGSPUNT 36: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WERKSOOREENKOMSTE MET PREDIKANTE

Die AKV bevestig dat alle werksooreenkomste tussen 'n gemeente en 'n predikant by wyse van 'n beroepsbrief in ooreenstemming met die Kerkorde in oorleg met die ringskommissie moet plaasvind.

Gemeentes kan slegs 'n werkooreenkoms met 'n predikant of emeritus van 'n ander kerk aangaan indien die betrokke predikant volle ampsvoorreg in 'n verwante kerk geniet, en die gemeente vooraf die skriftelike instemming van die ringskommissie en die Kommissie van die AKV bekom het. So 'n werkooreenkoms word beperk tot 12 maande, waarna dit met die instemming van die ringskommissie en Kommissie van die AKV hernu kan word.

Motivering:

Daar was in die onlangse verlede 'n paar voorbeelde waar gemeentes werksooreenkomste wou sluit met persone wat nie ampsvoorreg in 'n verwante kerk geniet nie, en wat nie kragtens die *Reglement vir toelating en opleiding as predikant van die Kerk* tot die bediening van die Woord in die NHKA toegelaat sou word nie. Dit skep 'n onhoudbare situasie en veroorsaak onnodige konflik in die Kerk. Dit is ook nie ideaal dat gemeentes werksooreenkomste met emeriti van die NGK sluit en so die voetspoor van die Hervormde Kerk in 'n bepaalde gebied verwater, terwyl die betrokke predikant nie volledige verantwoordelikheid vir al die ampswerk aanvaar of beskikbaar is om ook in ringsverband diens te doen nie. In sommige gevalle strem sulke werksooreenkomste ook die noodsaaklike proses van sinergie en konsolidasie tussen gemeentes van die Hervormde Kerk.

Dr WC van Wyk, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 37: KOMMISSIE VAN DIE AKV

PREDIKANTE IN DIE BUITELAND

Kragtens Ordinansie 5.1.5 is 'n predikant wat 'n beroep na 'n kerk op dieselfde belydenisgrondslag as ons in die buiteland aanvaar, predikant van daardie kerk word, daarna steeds kragtens Ordinansie 5.1.5 op uitnodiging van 'n kerkraad van die NHKA 'n erediens mag lei en die sakramente mag bedien.

Indien 'n predikant van die NHKA, sonder om beroep te word, na die buiteland verhuis, word die predikant vir 'n periode van 12 maande as 'n

beroepafwagtende predikant van die NHKA beskou, met al die regte en voorregte daaraan verbonde. Na die verstryking van die 12 maande periode in die buiteland, kan die predikant aansoek doen om ampsvoorreg te behou.

Die Kommissie van die AKV kan die ampsvoorreg van 'n predikant handhaaf indien die predikant betrokke is by die bediening van 'n kerk waarmee die NHKA in ekumeniese verband staan of 'n bilaterale ooreenkoms aangegaan het. Bediening wat hiervoor in aanmerking kom, is onder andere sendingwerk, samewerkende bediening en pioniersbediening volgens diskresie van die Kommissie van die AKV. Die predikant en die plaaslike opsighoudende vergadering lewer jaarliks verslag aan die Kommissie van die AKV oor sy of haar dienswerk.

'n Predikant met ampsvoorreg is nie 'n diensdoende predikant van die Kerk nie en ook nie lid van die Kerk se Pensioenfonds nie. Indien 'n predikant nie in die buiteland by kerklike dienswerk betrokke bly of daaroor verslag lewer nie, verval die predikant se ampsvoorreg outomaties.

'n Predikant wat uit die buiteland terugkeer, kan volgens die *Reglement vir die toelating en opleiding as predikant* van die Kerk aansoek doen om weer predikant te word.

Motivering:

Ordinansie 3.2.14.2 (losmaking van predikante wat die land verlaat) moet uitgebrei word om voorsiening te maak vir verskillende situasies, naamlik predikante wat slegs vir 'n beperkte tyd in die buiteland gaan wees (byvoorbeeld met die oog op studie), predikante wat met bediening in die buiteland wil voortgaan, maar nie formeel deur 'n buitelandse kerk beroep word nie, en predikante wat 'n beroep na 'n verwante kerk in die buiteland aanvaar.

Dr WC van Wyk, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 38: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WERKGEWERSBYDRAES TOT DIE NHKA PENSIOENFONDS

Die NHKA dra slegs werkgewersbydraes by tot die NHKA Pensioenfonds vir diensdoende predikante van die Kerk wat nog nie aftreeouderdom bereik het nie. Die Kerk se werkgewersbydrae vir nuwe toetreders tot die Pensioenfonds is in ooreenstemming met die predikant se werknemersbydrae (onderskeidelik 100/75/50/25/10% van die gebruiklike werkgewers- en werknemersbydraes).

Motivering:

Tans dra die NHKA sinodaal werkgewersbydraes by vir alle diensdoende en beroepafwagtende predikante van die Kerk. Dit bring aansienlike koste van die Kerk en dus bydraende gemeentes by, terwyl beroepafwagtende predikante self nie in alle gevalle 'n aktiewe bydrae tot die bediening in gemeentes maak of 'n werknemersbydrae tot hulle eie pensioen maak nie. Dit is ook net billik dat die werkgewersbydrae en werknemersbydrae in verhouding tot mekaar sal wees.

Dr WC van Wyk, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

2.12 **BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKORDEWYSIGINGS VERBAND HOU**

BESKRYWINGSPUNT 44: RING VAN MAQUASSI

WYSIGING VAN ORDINANSIES 3.2.11 (vi) EN 3.2.18.3 (i)

1. Ordinansie 3.2.11 (vi) word gewysig om soos volg te lees:

'n Geëmeriteerde predikant kan na emeritaat in 'n ander gemeente in deeltydse versorging werksaam wees as die gemeente waarin emeritaat aanvaar is. Hy of sy word na sodanige gemeente beroep en verrig volledige ampswerk tot op ouderdom 70. Daarna mag hy of sy slegs as brugpredikant vir hoogstens 12 maande in enige spesifieke gemeente werk.

2. Ordinansie 3.2.18.3 (i) word gewysig om soos volg te lees:

'n Geëmeriteerde predikant kan deeltyds op versoek van 'n kerkraad, met toestemming van die ringskommissie of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ampswerk verrig in 'n gemeente of in 'n ander werkruimte, mits dit in 'n ander werkruimte is as die een waarin emeritaat aanvaar is. Emeriti mag net werksaam wees tot op ouderdom 70. Daarna mag hul slegs as brugpredikante vir hoogstens 12 maande in enige spesifieke gemeente werk.

Motivering:

In 2013 was daar 114 000 belydende lidmate in 313 gemeentes met 215 diensdoende predikante, dit wil sê 531 belydende lidmate per predikant. In 2014 begin die emeriti weer werk in 285 gemeentes, en skielik is daar 311 diensdoende predikante en die getal belydende lidmate per predikant val na 365.

'n Onmoontlike toetrede van byna 'n 100 predikante maak dat die prys van predikante met vraag en aanbod baie afgeneem het. Nou moet jong predikante teen 'n hongerloon werk terwyl afgetrede predikant kan bekostig om teen die lae salaris te werk met 'n aanvullende pensioen wat opgebou is tydens die bloeijare van die Kerk en ekonomie. Dit maak dat gemeentes weier om saam te werk of

saam te smelt. Die skade van die predikante wat gemeentes toesit en doodsit gaan eers oor 20 jaar duidelik wees.

Spring ons na 2019 en die getal predikante het kwalik afgeneem na 284, maar die getal lidmate het geval na 80 000. Nou is die verhouding tussen belydende lidmate en predikante 283 lidmate per predikant, 'n onhoudbare situasie. 'n Situasie wat nie in die korttermyn gaan verbeter nie. Alhoewel die emeriti baie goeie diens lewer, is dit kortsigtig om ter wille van hulle gemaklike aftrede die Kerk se toekoms te bedreig, en 'n jonger geslag predikante die kans te ontneem om die Kerk se volgende hoofstuk te skryf.

Daar kan geargumenteer word dat dit die ringskommissies se plig is om te keer dat gemeentes wat 'n lewensvatbare beroep kan uitbring, van emeriti gebruik maak. Die ervaring leer egter dat dit nie moontlik is vir ringskommissies of selfs die Kommissie van die AKV om 'n predikant te dwing om uit te tree sonder ernstige tweespalt in die gemeentes en die ring nie. Veral in gevalle waar die predikant emeriteer vanuit die gemeente wat hul dienste wil kontinueer.

Die volgende argument wat gemaak kan word is dat vir party gemeentes dit onmoontlik is om 'n lewensvatbare beroep uit te bring, en daarom is dit goed dat die emeriti kan werk in dié gemeentes terwyl hulle besoldiging aangevul word deur hul pensioen. Die krisis kom egter dat daar iewers in die toekoms 'n inploffing gaan kom wanneer die groot getal emeriti nie meer kan werk nie. Die gees sal dalk nog gewillig wees, maar die vlees kan nie meer nie. Die probleem is dat daar dan nie genoeg jong predikante gaan wees om die leemte te vul nie want hulle kon nie bekostig om in die beroep te bly nie.

Dit is nou die tyd om die besluitnemingskrag uit hande van die ringskommissies te neem, sodat daar nie emosionele besluite geneem kan word nie. Dit is nou die tyd om die harde besluite te neem ter wille van die Kerk in die geheel en haar toekoms.

Ds G Viviers, die skriba van die Ring van Maquassi, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt verval.

1. Die volgende beskrywingspunt gestel deur dr P van Staden en gesekondeer deur dr C le Roux, word aanvaar:

Emeriti wat gesond genoeg is, se voortgesette bediening in gemeentes word deur die betrokke kerkrade gereël met instemming van die ringskommissie, sonder verdere regulering.

2. Die volgende beskrywingspunt gestel deur ds JF van der Merwe en gesekondeer deur dr FJ Labuschagne, word aanvaar:

2.1 Die AKV gee die Kommissie van die AKV opdrag om, in die lig van die groeiende tekort aan predikante 'n ondersoek te loods na die moontlikheid om die aftreeouderdom van predikante van 65 na 70 te verander. Sodanige ondersoek moet ten minste die volgende sake hanteer:

*** Die effek van so 'n verskuiwing op die pensioenfonds en omstandighede van emeriti.**

* **Die effek op die bydraes van die beherende werkgewer (NHKA).**

* **Die effek op die situasie van beroepafwagtende predikante.**

* **Die welstand van predikante wat hulle in staat sal stel om tot op 70 effektief diensbaar te wees.**

* **Die ouderdom van vervroegde emeritaat (tans 55).**

2.2 Verslag hieroor word aan die 74ste AKV voorgelê vir besluit.

BESKRYWINGSPUNT 45: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.2.14.5 (v) EN AKTE VAN LOSMAKING NA ONTHEFFING UIT DIE AMP (I)

1. Ordinansie 3.2.14.5 (v) wat soos volg lui:

Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die predikant losmaak van ampspligte, reik die kerkraad 'n akte van losmaking uit omdat die predikant weens sy of haar ontheffing nie kan voortgaan as predikant nie.

word gewysig om soos volg te lees:

Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering of die Tugkomitee die predikant losmaak van ampspligte, reik die kerkraad 'n akte van losmaking uit omdat die predikant weens sy of haar ontheffing nie kan voortgaan as predikant nie.

2. Die akte van losmaking na ontheffing uit die amp (I) wat soos volg lui:

Die kerkraad en die Gemeente ... het kennis geneem van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se besluit om u te onthef as evangeliedienaar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met ingang van ...

Aangesien u dus nie meer ampsvoorreg geniet in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie, word u van u gemeentelike dienswerk losgemaak op ...

U word van harte bedank vir die tydperk waarin u in die Kerk gewerk het.

word gewysig om soos volg te lees:

Die kerkraad en die Gemeente ... het kennis geneem van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering/Tugkomitee se besluit om u te onthef as evangeliedienaar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met ingang van ...

Aangesien u nie meer ampsvoorreg geniet in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie, en nadat die kerkraad u geleentheid gegee het om regtens vertoë te rig, is daar besluit dat u onbevoeg is om as werknemer van die gemeente op te tree, en daarom word u van u gemeentelike dienswerk losgemaak vanaf ...

U word van harte bedank vir die tydperk waarin u in die Kerk gewerk het.

Motivering:

Die Kerkorde bepaal dat 'n klagskrif teen 'n predikant deur die Tugkomitee aangehoor word, en nie deur die Kommissie van die AKV nie. Die beroepsbrief en akte van losmaking na ontheffing uit die amp moet dus daarvoor voorsiening maak.

Dr WC van Wyk, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 46: RING VAN VEREENIGING

WYSIGING VAN ORDINANSIES 4.2.1 (i)(b) EN (f)

1. Ordinansie 4.2.1 (i)(b) word gewysig om soos volg te lees:

twee <u>kerkraadslede</u> (ouderling/diaken) uit elke kerkraadsvergadering.

2. Ordinansie 4.2.1 (i)(f) word gewysig om soos volg te lees:

een lid van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging in elke gemeente, die maatskaplike werker(s) in die ringsverband, 'n verteenwoordiger van diakonale diensorgane in die ring, en 'n verteenwoordiger van die Algemene Diakensvergadering, wanneer daartoe uitgenooi, met spreekreg.

Motivering:

Die getal persone aanwesig by 'n ringsvergadering maak dit lomp en bemoeilik sinvolle deelname. 'n Voorbeeld ter illustrasie: 'n Ring met 11 gemeentes het potensieel 55 stemgeregtigde lede teenwoordig (22 ouderlinge, 22 diakens en 11 predikante). Dan kom by 22 NHSV-lede, 'n maatskaplike werker, verteenwoordiger elk van die Kommissie, Diakensvergadering, en Bybelgenootskap. Emeriti en beroepafwagtendes kan die getal opstoot tot meer as 80. Indien ringe gekonsolideer word, kan die getal tot oor 100 gaan. Indien die getal aangepas word, kan die getal vanaf 80 daal na 47 (22 minder kerkraadslede en 11 minder NHSV lede, totaal minder 33). Dit sal ook 'n kostevermindering vir die gemeentes meebring.

Ds HF Louw, die voorsitter van die Ring van Vereeniging, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 47: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WYSIGING VAN ORDINANSIE 10.1 EN INVOEGING VAN NUWE ORDINANSIE 10.4

1. Ordinansie 10.1 wat soos volg lui:

10.1 Geen handeling of besluit van enige vergadering of van enige persoon wat kragtens 'n besluit van sodanige vergadering optree, is nietig of nie afdwingbaar nie, indien ooreenkomstig die Kerkorde

10.1.1 kennis gegee is van die vergadering

10.1.2 die vereiste kworum van lede van die vergadering teenwoordig was met die neem van die tersaaklike besluit, en

10.1.3 die besluit of handeling deur 'n vergadering geneem of verrig is wat daartoe gemagtig is.

word gewysig om soos volg te lees:

10.1 Alle handelinge of besluite van enige vergadering of persoon wat kragtens 'n besluit van sodanige vergadering optree, is geldig en afdwingbaar, indien ooreenkomstig die Kerkorde

10.1.1 kennis gegee is van die vergadering

10.1.2 die vereiste kworum van lede van die vergadering teenwoordig was met die neem van die tersaaklike besluit, en

10.1.3 die besluit of handeling deur 'n vergadering wat daartoe gemagtig is, geneem of verrig is.

2. 'n Nuwe Ordinansie 10.4 word ingevoeg wat soos volg lees:

Alle vergaderings van die Kerk kan elektronies gehou word en besluite kan elektronies geneem word, onderhewig aan die bepalings van Ordinansies 10.1 tot 10.3.

Motivering:

Die verandering is 'n taalkundige verbetering om die ordinansie makliker verstaanbaar te maak. Die saak word nou positief gestel eerder as by wyse van 'n dubbele negatief.

Dr WC van Wyk, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

2.13 **RAAD VAN FINANSIES**

2.13.2 TERMYNVERSLAG

2.13.2.1 **Begroting 2023/2024**

(i) ***Inleiding***

Ten tye van die opstel van hierdie begroting om in die sakelys van die AKV opgeneem te word, (Mei 2022) moet beramings gemaak word vir 'n jaar wat eers nege maande in die toekoms 'n aanvang gaan neem. Onder die mees gunstige omstandighede is dit 'n ambisieuse projek en met die ekonomiese onsekerhede, nog meer.

Die resultaat wat in die bylae ingebind is, moet beskou word met die verstaan dat die reeds ooreengekome aktiwiteite onveranderd is en opgestel is met ekonomiese en finansiële inligting wat ten tye van die opstel van begroting beskikbaar was.

Die *vorige jaar* moet eintlik die werklike syfers van 2022/2023 reflekteer. Ten tye van die opstel van die begroting vir 2023/24, is die jaar slegs drie maande aan die gang.

'n Gemiddelde verhoging van 5% is deurgaans gebruik. Die verhoging van 5% is ontvang vanaf die webruimte van die Suid-Afrikaanse Reserwebank rakende hulle verwagte inflasiekoers vir die 2023/2024 finansiële jaar.

Dit volg dus dat die implementering van die begroting derhalwe onderhewig is aan werklike verhogings wat nog in die toekoms sal realiseer. Dit word aangesuiwer met enige ander substansiële aanpassing in die kostestruktuur en diensmodel van die NHKA.

(ii) ***Aanbieding van die begroting***

Daar word begin met die kernaktiwiteite van kerkwees.

Daarna word verwante of indirekte koste wat nodig is om hierdie kernaktiwiteite tot uitvoer te bring, aangedui:

* Omrede die kernaktiwiteite die koste van indirekte koste bepaal.

* Indien kernaktiwiteite gerasionaliseer word, sal indirekte koste noodwendig ook aangepas word (koste sal verminder).

* Verwante of indirekte koste kan, weens die toename in vraag na dienste en die historiese rasionalisering, nie verder ingeperk word sonder om die dienste en wat dit dikteer, nadelig te beïnvloed nie. In sommige gevalle mag die inperking van een diens noodwendig die staking van daardie diens en

ook ander dienste tot gevolg hê, omdat een personeellid verantwoordelik is vir meer as een diens aan die Kerk.

Daar word dus gepoog om 'n sinvolle balans te vind. Vir dié doel word elke begrotingspos afsonderlik behandel en oor besluit:

(a) Teologiese opleiding: Fakulteit Teologie en Religie, UP

Die NHKA se besluit is om leraars aan 'n universiteit te laat onderrig, met inbegrip van 'n kollege ter ondersteuning. Die begroting vir hierdie aktiwiteit sien soos volg daaruit:

TABEL 1: Begroting vir teologiese opleiding aan die Fakulteit Teologie en Religie, UP

	Werklik 2021/22	Begroot 2022/2023	Begroot 2023/2024
Dosentekoste	1,277,512	1 313 381	1 296 785
Oninbare skuld	60,000	65 000	60 000
Totaal	**1,337,512**	**1 313 381**	**1 356 785**

(01) *Dosentekoste*

Die volgende is ingesluit:

* 30% van die vergoeding van vyf dosente, teen skale soos deur UP bepaal (die vergadering moet asseblief kennis neem dat slegs 17 studente van die NHKA by UP geregistreer is).

* Bykomende risikopremies onderhandel met UP.

(02) *Korting op studielenings en oninbare skuld*

Die uitfasering van die beursleningooreenkomste (50%) was tydens die opstel van die begroting nog in gebruik, aangesien die laaste studente wat nog van die beursleningooreenkoms gebruik gemaak het, eers in 2025 uitfaseer. Hierdie begrotingspos maak dus voorsiening vir die korting van 50%.

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Teologiese Opleiding.

(b) HTK

Die 72ste AKV het besluit dat die HTK uitgebrei moet word om sodoende voorsiening te maak vir eie kerklike opleiding.
Sedert 2020 is die HTK soos volg uitgebrei:

* Praktyk georiënteerde opleiding.
* SGB.
* SRT.

Hierdie uitbreidings vorm deel van die ondergenoemde begroting van die HTK:

TABEL 2: Begroting van die HTK

	Werklik 2021/22	Begroot 2022/2023	Begroot 2023/2024
	R	R	R
INKOMSTE	**303,090**	**296 000**	**320 000**
Rente uit Teologiese opleidingsfonds	209,669	216 000	225 000
Rente ontvang Studente lenings	93,421	80 000	95 000
MIN: TOTALE UITGAWES	**4,696,447**	**5 088 406**	**5 207 116**
Studentesake	174,292	173 194	201 604
- Salaris en bydraes	174,292	172 694	201 604
- Telefoon	0	500	0
Teologiese Kollege	4,522,155	4 915 212	5 005 511
- Drukwerk, pos en skryfbehoeftes	10,824	2 500	2 500
- Huur	31,679	41 065	35 952
- Kantoortoerusting	1,000	4 000	2 000
- Praktykvorming (addisionele dosentekoste)	16,902	57 000	61 950
- Reiskoste	26,013	14 450	15 000
- Vergadering en verversingskoste, en toere	8,820	24 000	25 200
- Salarisse en bydraes	2,195,870	2 147 671	2 159 974
- Datakoste	15,000	15 000	15 000
- Telefoon en internet	32,016	41 500	36 225
- SRT	1,214,062	1 311 036	1 377 615
- SGB	891,901	1 151 679	1 173 783
- Versekering	13,580	25 740	25 740
- Aanbieding van VTT buite Pretoria	38,000	45 000	40 000
- Waardevermindering	6,973	4 572	4 572
- Persoonlike ontwikkelingskursus	19,515	30 000	30 000
	4,393,357	**4,792 406**	**4,887,116**

(01) *Studente-administrasie*

Dié begrotingspos is ter ondersteuning van die ingeskrewe studente by die HTK. Hierdie ondersteuning is nie noodwendig vir studente wat aan Tukkies studeer nie, maar is ook uitgebrei na studente wat tans by ander universiteite studeer.

Hierdie pos lewer ook sekretariële ondersteuningsdienste aan die hoof van die HTK en Kuratorium.

(02) *Teologiese kollege*

Dié begrotingspos maak voorsiening vir personeelkoste asook alle verwante administrasiekoste, soos drukwerk, skryfbehoeftes en toerusting.

Waar die huidige dosente binne die HTK nie oor die nodige spesialiskennis beskik nie, word van deeltydse dosente gebruik gemaak.

Deeltydse dosente word aangewend met inbegrip van deeltydse koste vir praktykvorming vir studente binne die HTK.

(03) *SGB*

Dr FJ Labuschagne is deur die Kommissie van die AKV aangewys as die hoof van die SGB. Die werksaamhede van die SGB is in die verslag van die SGB saamgevat en moet saamgelees word (sien bl **Error! Bookmark not defined.**).

(04) *SRT*

Prof WA Dreyer is as voorsitter van die SRT aangewys. Die werksaamhede en bekostiging van die Argief, Museum en Biblioteek ressorteer onder hierdie begrotingspos. Prof Dreyer ontvang tans geen vergoeding vir die dienste wat hy as voorsitter van die SRT verrig nie.

Die begrotingspos van die SRT verteenwoordig dus die totale koste vir die bestuur en administrasie van die Argief, Museum en Biblioteek.

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting van die HTK.

(c) Ondersteuning: MRCC

TABEL 3: Begroting vir die ondersteuning aan die MRCC

	Werklik 2021/22	Begroting 2022/23	Begroting 2023/24
Studente ondersteuning	32,510		24 000
Ondersteuning administrasie	40,406	36 000	32 400
Subsidies MRCC	405,102	276 000	176 000
Totaal	478,018	312,000	232,400

Die besluit van die Kommissie van die AKV is dat dié begrotingspos volledig sal uitfaseer.

Skenkings aan die MRCC wat dit na goeddunke kan aanwend: Tans kry traktemente van leraars en bydraes ten opsigte van die pensioenfonds voorkeur.

Die besluit is geneem dat die subsidie en ondersteuning aan die MRCC uit die begroting gaan uitfaseer.

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: MRCC.

(d) Apostolaat: AIM

Die opleiding van MRCC-studente is verskuif na UP waar hul dieselfde onderrig as die studente van die NHKA ontvang. Hierdie afdeling is in 2016 gerasionaliseer.

BESLUIT

Die vergadering neem kennis van die besparing.

(e) Strategiese groeibediening

Die 64ste AKV het 'n besluit geneem dat die befondsing van studentegemeentes oor 'n tydperk uitgefaseer word. Die Kommissie van die AKV het by hul buitengewone vergadering van 15 en 16 Oktober 2020 besluit dat die gemeentes wat studente bedien, voortaan aansoek kan doen uit die Strategiese Groeibedieningsfonds vir die werksaamhede onderhewig aan die reëls vir strategiese bediening.

Tydens die 72ste AKV is besluit dat die fondse vir die strategiese groeibediening voortaan aangevul word met 'n bedrag van R400 000 vanuit die Fonds vir Sinodale Dienslewering, synde 'n gedeelte van die opbrengs op die belegging.

Die begroting vir die strategiese groeibediening is soos volg:

TABEL 4: Begroting vir strategiese groeibediening

	Werklik 2021/22	Begroting 2022/23	Begroting 2023/24
Strategiese groeibediening	1,189,959	1 500 000	1 575 000

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Strategiese groeibediening.

(f) ADV

Die 72ste AKV het besluit dat die kantoor van die sekretaris van die ADV vanuit sinodale offergawes befonds word. Die begroting vir die werksaamhede van die sekretaris van die ADV is soos volg:

TABEL 5: Begroting vir die werksaamhede van die sekretaris van die ADV

	Werklik 2021/22	Begroting 2022/23	Begroting 2023/24
ADV Sekretariaat	1,171,893	1 226 970	1 288 319

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: ADV.

(g) Kommunikasie Afdeling (insluitende kerklike publikasies – SENTIK)

Die Raad van Finansies het die uitdaging aan die Afdeling Kommunikasie gegee dat die kerklike publikasies selfonderhoudend moet wees vanuit hulle direkte inkomstebronne (verkope van die publikasies).

Hierdie begrotingsitem moet saamgelees word met die besluit oor die voortbestaan van die kerklike publikasies by die Sinodale Dienssentrum.

Hierdie begrotingsitem het in die 2021/2022 finansiële jaar nie die doelwit bereik nie en het 'n tekort aan R314 752.00 getoon. Dit verteenwoordig 'n tekort van R5.46 per belydende lidmaat.

Die model waarvolgens die inkomste van *Die Hervormer* bereken is, is vir die afgelope vyf jare nie aangepas om gemeentes ter wille te wees.

Die grootste uitgawe van die Afdeling Kommunikasie is die bokoste wat hoofsaaklik uit salarisse uit bestaan. Hierdie afdeling is gerasionaliseer vanaf 5½ na 3½. poste oor die afgelope vyf jaar. Hiermee saam moet ook gelees word dat die *Konteks* in dié tydperk ook gerasionaliseer is.

Aangesien kommunikasie vir die Kerk baie belangrik is, bly daar 'n begroting vir die bokoste.

BESLUIT

1. **Die vergadering bekragtig die aktiwiteit: Afdeling Kommunikasie.**

2. **Vir die effektiewe funksionering van die Afdeling Kommunikasie word R5.00 per lidmaat by die sinodale offergawes gevoeg.**

(h) Kommissie van die AKV

Hierdie begrotingspos verteenwoordig alle koste van die Kommissie van die AKV asook alle rade en komitees wat deur die Kommissie getaak is om bepaalde opdragte af te handel. Dit sluit die volgende in:

TABEL 6: Begroting vir die Kommissie van die AKV

	Werklik 2021/22	Begroting 2022/23	Begroting 2023/24
Reis-, verblyf- en vergaderingskoste	166,596	262 500	285 500
Reis-, verblyf- en vergaderingskoste – Raad van Finansies	54,686	40 500	41 625
Kuratorium	13,630	18 725	19 661
Pligeksemplare	13,405	72 080	72 080
Kernkomitees	76,866	232 150	231 835
Regskoste	49,589	31 800	30 000
Voorsiening AKV kostes	80,000	80 000	60 000
Skribaat	1,447,688	1 671 784	1 626 517
Voorsiening vir oninbare skulde	70,000	72 080	70 000

Totaal	**1,972,460**	**2 481 618**	**2 437 218**

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Kommissie van die AKV.

(i) Koste van sentralisering

Hierdie groep begrotingsposte word strategies gesentraliseer omdat dit te duur of onprakties vir individuele gemeentes sal wees om individueel die aktiwiteite te bekostig. Ekonomieë van skaal word dus aanvaar.

Die items wat hierna volg, word beskou word as die *koste van sentralisering*.

(j) Administrasie

TABEL 7: Koste van administrasie

	Werklik 2021/22	Begroting 2022/23	Begroting 2023/24
Bankkoste	137,424	164 000	169 500
IT Toerusting en lisensies	384,761	268 458	286 006
Kantoorhuur	186,540	190 622	200 322
Konsultasiekoste	8,250	22 500	22 500
Kursusse en kongresse	36,723	50 015	52 516
Ledegelde	3,576	20 085	24 817
Voertuigkoste insluitende waardevermindering op voertuie	381,319	561 710	541 041
Geboue en ander eiendomme	927,252	820 987	838 508
Ouditeursvergoeding	114,943	120 750	126 788
Personeelkoste	5,301,806	5 641 729	6 216 909
Telefoon en posgeld	146,361	153 288	168 288
Vervanging van meubels en toerusting	2,551	13 400	13 900
Publikasies	1,287	1 788	1 860
Versekering	118,221	127 134	133 491
Vergaderings	37,308	72 000	72 000
Waardevermindering	96,849	108 825	109 443
Verhaling van administrasiekoste	(334,754)	(351 565)	(364 715)
Totaal	7,550,417	7,985,726	8,613,174

Administrasie behels die uitvoering en bestuur van die aktiwiteite soos bepaal deur die AKV. Meeste van die koste is direk daaraan verwant, maar word ook gebruik om gemeentes te adviseer en behulpsaam te wees met onder andere finansiële-, belasting-, personeel- en logistiekebestuur. Anders gestel, sou die dienste nie sinodaal aangebied word nie, gemeentes noodgedwonge eksterne kundigheid sal moet aankoop.

Die onderskeie kostekomponente word hieronder kortliks toegelig:

(01) *Bankkoste*

Hierdie is 'n vastekoste wat die afgelope tydperk baie duur geword het.

Dit sluit in die koste van fasiliteite soos magneetbande en elektroniese bankgeriewe. Die lopende rekeninge van die Raad van Finansies en Kerkgeld vir Kerkwerk daggeldrekeninge en vier magneetbande per maand is hier ter sprake.

(02) *Inligtingstegnologie: Toerusting en lisensies*

Dit sluit in sporadiese opgradering van rekenaartoerusting asook jaarlikse lisensiegelde vir antivirus en rekeningkundige programmatuur. Om die Kerk te beskerm teen kubermisdaad en in pas te bly met die nuutste weergawes van programmatuur asook die beskerming van inligting, is dié diens noodsaaklik vir die Sinodale Dienssentrum.

Dit sluit ook in die Kerk se internet en Intranet as wolkgebaseerde dienste en die beskikbaarstelling van voorkeurtariewe vir e-pos-adresse en Microsoft Office-programmatuur en funksies onder die NHK-domein.

Die daarstel van bykomende dienste aan gemeentes, naamlik 'n xtranet wat die veilige bewaring van gemeentelike inligting op een sentrale plek fasiliteer. Die voordeel van 'n xtranet is soos volg:

* Elke gemeente het toegang tot sy eie inligting en die inligting word beskerm deur self-gegenereerde wagwoorde.

* Die risiko dat gemeente-inligting wegraak as die gemeente se rekenaar gesteel of onklaar raak, word ook gemitigeer.

(03) *Kantoorhuur*

'n Interne verhaling wat weer as inkomste by geboue en eiendom getoon word.

(04) *Konsultasiekoste, kursus- en ledegelde*

Hierdie drie komponente dra by dat die advies en ondersteuning wat sinodaal aan gemeentes gebied word, relevant bly.

(05) *Motorkoste*

Hierby verteenwoordig die koste verbonde aan die klein voertuigvloot van die Sinodale Dienssentrum. Dit stel personeel in staat om hul opdrag uit te voer en bied ook vervoer aan besoekers aan die Sinodale Dienssentrum tydens vergaderings.

(06) *Vervanging van meubels en toerusting*

Herstel en vervanging van meubels en algemene kantoortoerusting.

(07) *Ouditeursvergoeding*

Die Kerk het kerkordelik bepaal dat die finansiële funksionering van die Raad van Finansies jaarliks ekstern geouditeer moet word. Gegewe die omvang van die bedrywighede, is die uitgawe die laaste drie jaar met die ouditeure onderhandel.

Die kostes het beduidend afgeneem sonder dat enige kwaliteit ingeboet is.

(08) *Personeelkoste*

Voorsiening word gemaak vir die volgende:

* Uitvoerende hoof:

  ** Bedryfshoof
  ** Persoonlike assistent en kantoorbestuurder.

* Finansies:

  ** Hoof rekenmeester
  ** Rekenmeester: Grootboeke en beleggings
  ** Assistent rekenmeester
  ** Debiteure administrasie
  ** Debiteure invordering
  ** Krediteure en Kerkgeld vir Kerkwerk-administrasie
  ** Datavaslegging.

* Mannekrag en eiendomsbestuur

  ** Bestuurder eiendomme en skakelbordbeampte
  ** Konsultant om medies- en pensioennavrae te hanteer
  ** Salarisadministrasie vir die hele Sinodale Dienssentrum, insluitend organe van bystand
  ** Digitalisering en liassering van korrespondensie
  ** Skoonmaker (1).

* Inligtingstegnologie, elektroniese media en reproduksie:

  ** IT-bestuurder
  ** IT-assistent
  ** Reproduksiepersoneel (1).

Ondersteuning aan organe van bystand (Kindersorg, Bejaardesorg, Rata, ADV, gemeentes en die NHSV-Hoofbestuur) is ingesluit, en word deur bogenoemde personeel gelewer.

Bogenoemde uiteensetting van personeel veronderstel afgebakende werkvelde wat in praktyk glad nie so realiseer nie. Gegewe dat daar geen surpluskapasiteit vir enige personeellid bestaan nie, volg dit noodwendig dat ten tye van siekte of verlof, die ander personeel moet instaan sonder bykomende vergoeding. Hierdie toedrag van sake verklaar waarom die akkumulering van verlof 'n uitdaging en risiko in die Sinodale Dienssentrum is.

(09) *Telefoon en posgeld*

* Posgeld – Koerierkoste.
* Telefoon.
* Publikasies – om tred te hou met verwikkelinge in die finansiële-, tegniese- en mannekragdissiplines.
* Versekering – geboue en toerusting.
* Vergaderings – Virtuele kommunikasiekanale.

(10) *Verhaling van administrasiekoste*

Waar moontlik word koste vir interne dienste gelewer, verhaal om sodoende die koste onder die korrekte bedryf te toon. Dit sluit in algemene administrasie aan organe van bystand asook internet intekengelde en reproduksie vir liggame buite die sinodale sfeer.

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting ten opsigte van die koste van sentralisering.

(k) Eiendom en geboue

Die volgende eiendomme word tans gehuur:

* Gemeente Derdepoort – Sinodale Dienssentrum.
* Gemeente Philadelphia – Raadsaal.
* Erfenisstigting by die Voortrekkermonument – Argief.
* Gemeente Wonderboompoort – Museum en Biblioteek.

TABEL 8: Begroting vir eiendomme en geboue

	Werklik 2021/22	Begroting 2022/23	Begroting 2023/24
Inkomste			
Huur – Kantore en parkering	603,246	647,610	686,528
	603,246	**647,610**	**686,528**
Uitgawes			
Huur betaal	665,885	644,970	683,953
Munisipale koste	133,073	144,000	144,000
Onderhoud	107,609	51,485	55,565
Skoonmaakmiddels	16,370	10,000	10,000
Personeel	589,190	587,843	579,704
Totale uitgawe	**1,512,127**	**1,438,298**	**1,473,222**
Netto tekort	**(908,881)**	**(790,688)**	**(786,695)**

Die koste verbonde aan die bedryf van die geboue word verminder by wyse van die verhaling van koste van toepaslike begrotingsentrums (intern). Die impak van die munisipale koste is dieselfde gehou as die vorige jaar aangesien die meerderheid van personeel twee dae per week by die kantoor byeen kom.

Alhoewel die Sinodale Dienssentrum huurders by gemeentes is, is daar steeds instandhouding waarvoor die Sinodale Dienssentrum verantwoordelik is.

Personeelkoste hier ter sprake is die volgende:

* Bestuurder eiendomme en skakelbordbeampte assistent.
* Sekuriteit en skoonmakers.

BESLUIT

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Eiendomme en geboue.

(I) Opsommende begroting

Die opsomming van al die begrotingsentrums is hiernaas uiteengesit:

TABEL 9: Opsomming van al die begrotingsentrums

	Werklik 2021/22	Begroting 2022/23	Begroting 2023/24
Sinodale Dienslewering	7,383,212	7,985,726	8,613,172
Sinodale Dienslewering	6,107,555	6,896,281	7,488,658
IT-dienste	348,405	268,458	286,006
Geboue en eiendomme	927,252	820,987	838,508
Strategiese groeibediening	1,635,000	1,500,000	1,575,000
MRCC	478,018	312,000	232,400
HTK	4,393,357	4,792,407	4,887,116
UP	1,337,512	1,378,381	1,356,785
Kommissie van die AKV	1,972,460	2,481,618	2,437,218
Sekretariaat van die ADV	1,171,893	1,226,970	1,288,319
Mediese kontraktuele verpligting teenoor UP	458,238	474,933	517,677
Emeriti aanvulling	200,000	200 000	200 000
Totale koste	**R 19,029,690**	**R 20 352 035**	**R 21 107 687**
Waarde toename teenoor vorige begroting		***R 861 326***	***R 755 652***
% Koste verhoging		***4.42%***	***3.71%***
Begrote lidmate	*59,000*	*57 700*	*56 000*
Koster per lidmaat		***R 353***	***R 377***
Absolute waarde toename		*R 23*	*R 24*
% Verhoging per lidmaat		***6.97%***	***6.80%***
Effek van lidmaat vermindering op koste/lidmaat		*11.39%*	*10.51%*

Gegewe die huidige strategie om lidmaatgetal as basis vir die bekostiging van hierdie aktiwiteite te gebruik, beteken dit dat, met 'n beraamde lidmaatverlies van 1 700 (dus 56 000 lidmate), 'n sinodale heffing van ongeveer **R377.00** per belydende lidmaat met ingang van 1 Maart 2023 geld. Teenoor die 2022/2023 bedrag van **R353.00** per belydende lidmaat, beteken dit 'n verhoging van **6.80%** per lidmaat op voorwaarde dat die aktiwiteite nie tydens die AKV uitgebrei word nie.

BESLUIT

Die vergadering keur die begroting goed met aanpassings waar die inflasiekoers ten aanvang van die finansiële jaar anders as 5% beloop.

2.14 **FINALE GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING**

1. Die sinodale offergawe van R382.00 per belydende lidmaat word aanvaar.

2. 'n Pleidooi word gerig dat beskrywingspunte wat op die hele Kerk van toepassing is, insluitende die begroting, in die vervolg eerste in die AKV-agendas bespreek sal word.

BESKRYWINGSPUNT 15: KOMMISSIE VAN DIE AKV

INTEGRASIE VAN KERKLIKE INLIGTINGSTELSELS

Al die gemeentes van die Kerk skakel in by die Kerk se inligtingstelsel.

Die stelsel verseker dat elke gemeente 'n nhk-e-posadres het en gebruik maak van die nuutste programmatuur, deurlopend volle toegang het tot alle kerklike dokumente en vorms, self gereeld gemeentelike inligting en kontakinligting op die sinodale stelsel kan bywerk, en veilige bêreplek het vir gemeentelike inligting en dokumente (soos agendas, notules, verslae, en doop- en lidmaatregisters).

Motivering:

Die Sinodale Dienssentrum is ingevolge besluite van die AKV deurlopend besig om maniere te ondersoek waarop koste bespaar en prosesse bespoedig kan word. Dit sluit in dat take wat vantevore deur personeellede van die Sinodale Dienssentrum verrig is, nou danksy goeie, geïntegreerde inligtingstegnologie deur gemeentes self verrig kan word.

Die Sinodale Dienssentrum se IT-infrastruktuur het sedert 2020 groot veranderings ondergaan. Die bedryfstelsels is na die sogenaamde wolk oorgeskuif, en programmatuur is opgegradeer na Windows 10 en Microsoft Office 365 wat verseker dat die Kerk altyd die nuutste programmatuur gebruik en inligting veilig gebêre kan word.

Die beskrywingspunt wil die voordele wat die nuutste inligtingstegnologie vir die Kerk inhou na gemeentes uitbrei, en gemeentes laat deel in die voordele wat met so 'n opgradering gepaardgaan.

Die voorgestelde integrasie van die Kerk en gemeentes se inligtingstelsel skakel byvoorbeeld die probleme uit wanneer ampsdraers hulle persoonlike e-posadresse opsit as die kontakadresse vir die gemeente. Wanneer ampsdraers wissel, gebeur dit dikwels dat die verandering van kontakbesonderhede eers geskied nadat iemand opmerk dat die gemeente nie meer kerklike korrespondensie ontvang nie. Dit beteken ook dat gemeentelike inligting nie verlore gaan indien 'n ampsdraer verhuis of 'n rekenaar breek of gesteel word nie.

Alle dokumente waarvoor lidmate en ampsdraers gereeld vra, is voortaan op die Kerk se xtranet beskikbaar. Elke gemeente bring self wysigings aan gemeente-inligting op die xtranet aan sonder bemiddeling van 'n personeellid van die Sinodale Dienssentrum. Wysigings word outomaties deurgetrek na al die relevante afdelings wat die inligting gebruik.

Die vestiging van die xtranet bring ook vorige aanbevelings met betrekking tot die Kerk se kommunikasie tot uitvoer deur skeiding te bring tussen die Kerk se webblad (die NHKA se voorkamer ter wille van kommunikasie) en die xtranet, 'n

eenstopadres vir al die kerklike dokumente wat 'n gemeente gebruik (die veilige stoorkamer van ons werk). Die webblad sal gevolglik voortaan slegs oop inligting vertoon, sodat niemand eers hoef in te teken om toegang tot sekere dokumente te kry nie.

Die integrasie van alle kerklike inligtingstelsels stel Microsoft Office 365 (E3) vir gemeentes en predikante beskikbaar. Dit hou die voordeel in dat die gemeente as deel van Microsoft Office 365 (E3) se lisensie Office-programme, insluitend Word, Excel, PowerPoint, Outlook, OneNote, Publisher, OneDrive for Business, Yammer, Stream, Teams en SharePoint, ontvang.

Verdere voordele sluit in:

* Die gemeente gebruik altyd die nuutste weergawes van programme, en die opgradering van die programmatuur geskied outomaties.

* Die gemeente se inligting word deur vyf lae sekuriteit beskerm, en daar is deurlopende monitering om die data veilig te hou. Aangesien inligting in die wolk gestoor word, bly die data altyd veilig selfs as 'n rekenaar onklaar raak of gesteel word. Die inligting is te alle tye en op enige plek in die wêreld beskikbaar, en 'n mens kan vanaf enige toestel met behulp van 'n unieke gebruikersnaam en wagwoord toegang kry.

* Elke gebruiker kan Microsoft Office 365 (E3) op vyf toestelle installeer (rekenaar, selfoon, tablet, ensovoorts) deur een nhk-e-posadres te gebruik wat toeganklik is vir die predikant, administratiewe beampte en skriba van die gemeente.

* Die gemeente kry 'n 50 GB-posbus per gebruiker en stuur aanhangsels van tot 150 MB groot.

* OneDrive for Business gee elke gebruiker 1 TB persoonlike bergingspasie op die wolk wat u van enige plek en op enige toestel kan bereik. Dit stel u in staat om dokumente maklik met ander te deel terwyl u steeds kan beheer wie elke betrokke lêer kan sien of wysig.

* Die gemeente ontvang 'n @nhk.co.za e-posadres wat u toegang gee tot die NHK SharePoint xtranet-portaal waar alle kerklike dokumente en vorms gebêre word, asook toekomstige toepassings.

Koste

Microsoft Office 365 se lisensie kos tans R121.60 per maand. Gemeentes kan tans die lisensie, wat 'n nhk.co.za e-posadres insluit, kry teen R100.00 per maand. Die installasie van Microsoft Office 365 is gratis.

Dr WC van Wyk, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

---oOo---

VERSKONINGS

Die volgende verskonings vir afwesigheid vir gedeeltes van die vergadering is van afgevaardigdes ontvang:

AFGEVAARDIGDE	GEMEENTE	DATUM EN TYD VAN AFWESIGHEID
Beeslaar SE oudl	Vereeniging	6 Oktober 2022 vanaf 13:00
Erasmus LK ds	Wonderboom	6 Oktober 2022 vanaf 13:30
Jacobs DS ds	Dolfynkus	6 Oktober 2022
Jacobs PJ dr	Gaborone	6 Oktober 2022 vanaf 08:30 tot 12:00
Klaassen ML oudl	Onverwacht	6 Oktober 2022 vanaf ete
Malan GJ dr	Mosselbaai	6 Oktober 2022 vanaf 12:00
Malan GJ oudl	Mosselbaai	6 Oktober 2022 vanaf 12:00
Manders JT ds	Witfontein	5 Oktober 2022 vanaf 10:00 tot 12:15
Prinsloo CB ds	Onverwacht	6 Oktober 2022 vanaf ete
Roets AH ds	Swartkop	6 Oktober 2022 vanaf ete
Rossouw GJ adv	Krugersdorp-Oos	6 Oktober 2022
Shaw W/M ds	Swartkop	6 Oktober 2022 vanaf ete
Van Baalen EJA ds	Parkrand	6 Oktober 2022 vanaf ete
Van Niekerk M ds	Upington	6 Oktober 2022 vanaf 14:00
Van Staden P dr	Stellenbosch/Worcester	6 Oktober 2022 vanaf 11:00

---oOo---

Afsluiting

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

DEEL 4

DANKBETUIGINGS

Ds L Geel spreek die volgende bedankings uit:

* Dr AG Ungerer, die uittredende voorsitter van die AKV.

* Ds WJJ Kok, dit uittredende skriba van die AKV.

* Afgevaardigde predikante en ouderlinge – in die besonder predikante en ouderlinge wat moes verlof neem en selfs finansieel moes opoffer om die vergadering te kon bywoon.

* Elkeen wat deelgeneem het aan besprekings en wat meegehelp het dat daar so ’n aangename en positiewe gees tydens die vergadering geheers het.

* Ouderlings- en predikantslede van die vorige (uitgetrede) Kommissie van die AKV vir beplanning en werk wat gedoen is om hierdie vergadering vlot te laat verloop. Daar word veral gedink aan ouderlingslede wat behulpsaam was by die Ordekommissie.

* Lede van die nuutverkose Kommissie van die AKV wat nou dadelik hulle take en verantwoordelikhede moet opneem.

* Die lede van die Formuleringskommissie, te wete drr A Botha, DJ du Toit, PJ Jacobs, GJ Malan, CGJ Nel en JH van Staden.

* Die projeksiespan, te wete dr JG Janse van Rensburg, di LK Erasmus, EG Fourie, HJ Labuschagne, L Lemmer, JT Manders, S Oxton, LJ van der Linde en CP van der Walt.

* Die predikante wat die vertaaldienste behartig het, te wete proff J Beyers, Y Dreyer, T van Wyk, dr A Janse van Rensburg, di TF Dreyer, R Hopley, HS Joubert, HF la Grange, L Lemmer, CG Liebenberg, RJ Rust, JD Steinmann, M van der Walt, JR van Niekerk en CJ van Wyk.

* Diak Andries Pretorius wat waardevolle foto's vir die Kerk geneem het.

* Di M Delport, EG Fourie en JM van Staden wat die elektroniese stemproses gekoördineer het.

* Sean Pelser van *OptiVote* vir die stemapparate en deelname tydens die stemproses.

* JD en Joné Hattingh wat gehelp het met die stemapparate en mikrofone.

* Dr WC van Wyk en mnr Johan Hattingh vir al hulle reëlings om die vergadering goed en glad te laat verloop.

* Die personeel van die Sinodale Dienssentrum vir al die take wat verrig is.

* Mnre Pieter van den Berg en Marius Hammond wat die orrel bespeel het.

* Louw wat die klank hanteer het.

* Predikante en ouderlinge wat die openinge en afsluitings van die vergadering waargeneem het.

* Drr Gustav Claassen (NGK), GC Lindeque (BSA), di Cassie Aucamp (GKSA), Frikkie Botha (UPCSA), Oscar Madlala (MRCC), Elsie Malikopo Mohlatsane (*Lesotho*

Evangelical Church of Southern Africa), past Mike Roodt (BSA) wat tydens die vergadering teenwoordig was.

* Lede van die komitees en rade wat in die afgelope termyn diens gedoen het.

* Persone wat verskillende uitstallings behartig het, waaronder dr GC Lindeque (BSA), di CJ de Bruin (SP Engelbrechtmuseum), DJB Serfontein (Nederskills), JF van der Merwe (kerkmusiek), mnr Dawie Pretorius (Seniordal), mevv Melanie Buys (Skole Ondersteuningsentrum) en Annelle Flanagan (Rata).

* Die sekuriteitpersoneel.

* Die NG Kerk, Gemeente Wonderpark, vir die beskikbaarstelling en inrigting van hulle kerk vir die vergadering, hul deurlopende ondersteuning en verskaffing van etes, die vroeg oopsluit en bly tot op die einde.

FORMELE AFSLUITING

Prof WA Dreyer sluit die vergadering af:

Inleidend

Ek wil u bedank vir die vertroue wat u in die nuutverkose Kommissie van die AKV gestel het. Dit is 'n bekwame en toegewyde span wat verkies is. Ons sien daarna uit om diensbaar te wees aan die Kerk en die koninkryk van God.

Na elke AKV is daar altyd groot verwagtinge, en dit is menslik. Uit ervaring weet ons dat daar nie maklike oplossings bestaan nie. Ons leef in 'n tyd van kompleksiteit en verandering. Kompleksiteit vereis 'n genuanseerde en aanpasbare benadering tot die uitdagings wat ons in die gesig staar.

Wees daarvan verseker dat die Kommissie van die AKV die belange van gemeentes op die hart dra, en altyd met raad en advies die bediening te ondersteun. Ons het by 'n kruispunt in ons geskiedenis gekom. Omstandighede in ons pragtige land verander vinnig met ingrypende gevolge vir die Kerk. Een gevolg van verandering, is die groot getal kleiner gemeentes in die NHKA. Die Kommissie sal noodwendig baie tyd en energie gebruik om na die welstand van gemeentes om te sien en te help met moeilike besluite.

Ek het reeds daarna verwys dat die *Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuidelike Afrika* in 1824 die eerste keer in Kaapstad byeen gekom het. In 2024 herdenk ons 200 jaar van 'n selfstandige, sinodale vergadering in Suid-Afrika. Ek het 'n vermoede dat een van die groot uitdagings wat op ons wag, groter samewerking tussen reformatoriese kerke sal wees. Miskien sal die 200ste herdenking van die eerste AKV as katalisator dien om na sinvolle modelle samewerking te kyk.

Ons leef te midde van grootskaalse verandering met enorme uitdagings. Aan die een kant staan die Kerk voor die uitdaging om aan te pas, maar een saak staan onveranderlik vas. In die NHKA gaan dit om die evangelie van Jesus Christus. Dit gaan om die gemeenskap van die gelowiges. Die Kommissie wil hieraan diensbaar wees. Ons as predikante moet die mense van hierdie land ondersteun en moed inpraat. Die visie van die NHKA is: Jesus Christus is die hoop vir die wêreld! Kom ons gaan verkondig dit aan mense wat sukkel om hoopvol te bly te midde van moeilike ekonomiese omstandighede, eensaamheid en traumatiese ervarings.

Orrel voorspel

Stilgebed

Toetrede: Gesang 159: 1.

Skriflesing: Johannes 6 (meditatief)

Jesus het gesê: "Dít verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het. Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen."

Jesus het gesê: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het."

Jesus het gesê: "Dít verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir julle die ware brood uit die hemel gee. Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee."

Jesus het gesê: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie."

Jesus het gesê: "Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank. Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom."

Geliefdes, gras verdor, en blomme verwelk, maar die Woord van God sal oor hierdie land weerklink totdat Hy eendag weer kom. Amen.

Gebed

Ons gebed kom uit Johannes 17. Wanneer ons luister na Jesus wat vir sy kerk by die Vader intree, maak ons dit in ons gedagtes en gemoed en hart van toepassing op die Hervormde Kerk, en op elkeen van ons persoonlik. Kom ons word nou stil, en luister na Jesus se gebed (meditatief):

"Jesus het na die hemel opgekyk en gesê:

Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. Dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is…

Vader, Ek het u woord aan hulle gegee. Die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar…

Vader, Ek bid nie net vir hulle nie. Ek bid ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom.

Vader, Ek bid dat hulle almal een mag wees. Net soos U, Vader, in My is en Ek in U, bid Ek dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlikheid

wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet…

Vader, die wêreld ken U nie. Ek ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het. Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle."

Amen.

Sang: VONKK 102.

Prediking

Geliefdes in die Here!

Die eenheid met Christus en met mekaar, is een van die kenmerke van die Christelike kerk. Daarom bely ons elke Sondag: Ek glo in een, heilige, algemene, Christelike kerk.

Die eenheid van die kerk is nie net 'n belangrike deel van ons geloofsbelydenis nie, dit is ook God se opdrag aan ons en iets waarvoor ons moet bid, soos die Here Jesus ons in Johannes 17 leer. Daar is talle teksgedeeltes in die Nuwe Testament wat aan ons verkondig dat die Kerk een is, omdat ons reeds deur die genade van God met Christus een is.

Die eenheid wat tussen Christus en ons as gelowiges bestaan, word duidelik sigbaar wanneer ons aan die Nagmaal deelneem. Johannes 6: *My liggaam is die ware voedsel, en my liggaam is die ware drank. Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in Hom.*

Ons, as afgevaardigdes na die 73ste AKV, gebruik vandag saam Nagmaal omdat ons juis so uitdrukking wil gee aan die eenheid wat daar tussen ons bestaan.

Die eenheid wat tussen gelowiges bestaan, is nie iets wat mense tot stand bring nie. Dit is iets wat bestaan, omdat ons almal reeds met Christus een is. Ons almal is aan die Here Jesus vas, ons is een met God, ons vorm een liggaam. Daarom is ons ook met mekaar een. Dit beteken dat ons, al kom ons uit verskillende gemeentes en selfs uit verskillende kerke, nog altyd een was en altyd een sal wees. Ons mag verhuis, ons mag selfs te sterwe kom – maar ons sal altyd in Christus wees, daarom met God en met mekaar een!

Die eenheid van die kerk is 'n kragtige getuienis in die wêreld. Die evangelie van Jesus Christus word hoorbaar en sigbaar in die wêreld, wanneer ons as Kerk mekaar in liefde en eensgesindheid dien. Die wêreld spot met 'n kerk wat innerlik verdeeld is, wat twis, wat insigself geen vrede en liefde vertoon nie.

As ons na hierdie 73ste AKV met eensgesindheid teruggaan huis toe, en ons verkondig die evangelie vreesloos en met vreugde, is dit 'n kragtige getuienis aan die wêreld dat mense wat Jesus volg en na sy woorde luister, met mekaar in liefde kan saamwerk tot uitbreiding van God se koninkryk.

Mag ons elke dag in verbondenheid met Jesus Christus leef, in verbondenheid met mekaar, en mag ons so die Naam van die Here verheerlik – waar ook al die gemeentes van die Hervormde Kerk geroep is om te getuig van die verlossing wat daar in Jesus Christus te vind is.

Amen.

Nagmaalsformulier

Uitnodiging en tafelgebed

Formule

Lied tydens die Nagmaalbediening: VONKK 487: 1 tot 3.

Slotgebed

Slotsang: VONKK 490: 1 tot 7 (Wees Here by U Kerk).

Seënbede

Wegsending: Gesang 531: 1 en 2 (Ons Here God van Alvermoë).

Naspel

---oOo---